# VOORWOORD

Die mikpunt met hierdie uitgawe van *KOERS* is om vanuit verskillende vakgebiede, gesigspunte en paradigmas te besin oor medies-etiese kwessies. Uiteraard verteenwoordig hierdie sienings die persoonlike uitgangspunte van die outeurs - die Redaksie plaas egter graag hierdie bydraes om sodoende wetenskaplike diskussie te stimuleer. Alle standpuntinnames in hierdie uitgawe verteenwoordig dus nie noodwendig die siening van die Redaksie self nie.

In hierdie uitgawe word onder andere besin oor moontlike riglyne om die waardigheid van ongebore menslike lewe te beskerm (Smit), en word die regte en verantwoordelikhede wat in bio-etiese situasies geld, beklemtoon (Du Plessis). Ook die kontroversiële aspekte van surrogaatmoederskap (De Bruyn) en die toelaatbaarheid van transformatiewe geneeskunde ten aansien van die transseksuele mens word bespreek (Valenkamp).

Die teologies-etiese perspektief van Van Wyk toon aan dat die problematiek van Vigs by herhaling die noodsaaklikheid van monogame heteroseksualiteit en verantwoordelike huwelikstrou benadruk. Louw betoog dat 'neutrale'(seksuele) opvoeding toestande skep waarin (seksuele) revolusie kan gedy. Op grond hiervan behoort die opvoeding van die kind in 'n verseksualiseerde samelewing opnuut vanuit 'n Christelike lewensbeskouing belig word. In die toepassing op die problematiek van homoseksualiteit pleit Hartin daarvoor dat wanneer oor etiese vraagstukke besin word, 'n onderskeid getref moet word tussen die geopenbaarde en vasstaande Skrifopenbaring en moontlike kultuur- en situasiegebonde voorskrifte.

Booyens gaan in op die kulturele en historiese konteks van gesondmakingstradisies, gesondmakingsrites en -stelsels, soos waargeneem by die inheemse bevolking. As sluitstuk word 'n pleidooi gelewer dat in 'n na-apartheidsera (mediese) dienste op 'n gelyke vlak aan die gemeenskap in sy volle diversiteit deurgegee moet word. Ook Richardson lê klem daarop dat binne 'n Christelike gemeenskap die omgee vir mekaar op mediese gebied sigbaar moet word.

Pretorius stel dat in teenstelling tot 'n meganistiese en Cartesiaanse benadering tot die geneeskunde, 'n Bybelgetroue mensbeeld impliseer dat die geneeskunde die mens in sy totaliteit kan bestudeer. Sodoende sal nie alleen fisies-chemiese en biologiese aspekte in berekening gebring word nie, maar sal ook die psigiese, sosiale en religieuse verbande betrek word.

Die Redaksie wil die hoop uitspreek dat hierdie wye spektrum onderwerpe en uitgangspunte 'n stimulus tot verdere nadenke en wetenskaplike besinning sal wees. Lesers word dus uitgenooi om in gesprek te tree met die idees wat hier uitgedruk word.